

Uit die mond van die suigeling...

In die laatherfs van 1999 op 'n plaas in die distrik van Sutherland, Wes-Kaap, het Jean-Pierre du Plessis (9), in die teenwoordigheid van 'n hele aantal volwassenes en twee ander seuns, sy eerste skoot in die jagveld afgetrek en daarmee gelyktydig drie springbokke platgetrek. Geweer: Musgrave 243; 100 grein PMP; afstand 90 meter.

Jy moet nege wees om te kan weet dat oupas en pa's en ooms en ander ooms nie so slim in die jagveld is as wat hulle dink hulle is nie.

Vat nou die skoot in Sutherland. Die hele week al pak ons die kosboksie en ons kry nie klaar nie. Dis die bier en die wyn en dis die derms en die kruie. Dan kom die

brode en die tjoppe en die styke en die swartpote. My pa skree die orders uit en ek hol heen en weer.

Na die swartpote is dit die slaapgoete en na die slaapgoete is dit my oupa se messe en sy belde en sy allerande ander goete wat jy nodig het as jy in die bos is.

Maar Sutherland het nie 'n bos nie. Dis net wind en rante en klippe. Niks bosse nie. Saam daarmee die wind. So 'n koue een wat jy sal sweer dis heelyd soos die skoot met Rageltjie de Beer, die ene waddie tyd kaal in die erdvarkgat weggekrui het. Dis hierdie wind wat nooit opgehou het nie. Waai, waai en aanmekaar waai tottad die sand ook naand mondevol in jou broodjies is.

Dis op hierdie plek waar ons springbokke gaan jag het. My eerste keer. My nefie was saam. Hy is agt en heeltemal onnosel want hy bly in Portugal. As hy nie op 'n kameeldoring gaan sit nie, dan stamp hy sy kop flenters teen die waenhuisdeur. Of so-iets. Dis net met die dink en die skryf dat hy eerste staan. Dan is daar my pa, die ene wat die orders uitskree, en my Oupa, die ene met die baie roere, en my een oom, ek hoef nie vir hom oom te sê nie, want hy is cool. Maar ook al ouerig, seker by die dertig. En dan die ander ooms. Hierdie ooms bly op hierdie plek en hulle het

moerske groot pense, veral die een kwaai een, en sukke lelike roere wat my oupa as benede gods haat beskrywe. My oupa hou nie van lelike roere nie.

Dis op hierdie plek met die wind en die klippe en die rante waar ons toe gaan jag. Sutherland, sê hulle vir hom. My oupa sê die koue is hier gebore. Hulle kyk sterre hier en daar is resitasies ook daaroor in die verseboek vir die Afrikaanse mense.

Eers moet ons die roere inskiet. Dis sommer so 'n groot Vimboks met kringe op, so vyf en twintig meter ver. Daar is 'n Bislie Oom en hy sê bly stil en skiet, maak of dit in Bloemfontein is. Ons almal skiet toe in die Vimboks in. Ek ken net 'n windbuks en die twennietoe long, maar hier skielik kry ek 'n groot roer wat 'n 243 is en die ooms sê skiet-kindskiet, ons het nie heeldag tyd nie. 'n Twee-vier-drie of te nie

maar op 25 meter skiet ek g'n Vimboks mis nie. Raait, sê die oom van die plaas, die kind kan saamgaan. Saamgaan beteken al die ooms en my pa-hulle en my oupa-hulle sit voor in die dubbelcab en ons kinnners agterop. Dis hierdie kou vir wat die drie van ons perdekomberse uit die stal uit aangedra het. Een van die ooms, die kwaai met die groot pens, sê ek kan bly wees ons hoef nie agter die bakkie aan te hardloop nie, in sy tyd was seuns met kaalvoete dae lank agter springbokke aan. En in daai tyd was dit kapok en koue en skurwe klippe vir kinders van nege jaar. Ek sê ja oom, ons is bly. Ons sê hom niks van die perdekomberse nie.

Ek wil nie vertel van my pa-hulle se drie bokke nie. Sommer tjop-tjop val hulle en het ons hulle by die slagplek afgelaai. Toe terug berg toe. Die kwaai oom sê dis 'n mors van tyd en geld om vir kinders van dorpe af te laat skiet, want jy kan sommer aan my sien ek gaan die bok misskiet, of so nie gaan ek 'n lam of 'n ding kwes en dan hardloop ons die res van die naweek agter die kwesbok aan.

"En wat van die Vimklik vanmôre?", sê my oom. Al die ander ooms stem saam. Gee die kind 'n kans sê hulle, en buitendien is die Bislie oom ook hier by ons wat kwesbokke een-twee-drie uitsorteer.

Ons ry en ons ry en die troppies bokke hol elke keer weg nes ons stilhou en afklim om hulle te bekrui. Drie keer, of dalk vier keer gebeur dit. Tot skielik, sommer hier naby ons agter sulke rotse, in 'n moot sê my oupa, staan nog 'n troppie en hulle sien ons nie. Ooie hierdie keer, en die oom van die plaas sê, dis goed so ek moet skiet. Toe ons so nader kruip, dog ek die twee-vier-drie voel nes 'n kanon so swaar is hy, maar naand kry ek hom tog bo-op 'n droë boomstomp by so 'n groot plat klip. Nou is almal van die bakkie ook by en almal lê laans my agter die klip, net my nefie wat so loop en seerkry en die seun van die perdekomberse nie, want hulle bly agter by die bakkie saam met die kwaai oom.

My pa trek sy warm baadjie uit en maak 'n kussing vir die geweer en my oupa begin van vooraf weer vertel van asem-in en asem-uit en van my skouer en my pa sê van die sneller en my oë en my bene en my oupa sê van die kruisie van die skoup en my voorste hand en my pa sê my agterste hand moet ek ook van onthou en my pa sê en my oupa sê my pa sê my oupa sê nog ander goed wat moet en moenie. Maar hulle praat my mis. Die oom van die plaas sê dis te laat nou vir skietlesse, laat die kind skiet, want nader gaan ons hulle nie in hierdie bergwêreld kry nie en ek moet mik op die derde een van links af. Nekskoot sê hy, want dis onder 'n honderd meter.

Ek maak die geweer lekker lê. Maar eers kyk ek om vir my pa en my oupa. Nou is hulle stil maar hulle lyk of hulle bewe, dis of hulle siek is. Jy sou dink dis hulle wat skiet. Maar my oom wys vir my duim in die lug en met so 'n groot smaail knik hy

Deur 'n trotse Oupa Pienkes du Plessis

vir my. Toe lê ek aan. Derde een van links af. Ek onthou darem van die asem en die regop kruisie.

Dit was maar 'n klein troppie. So 'n tien of so. Maar toe die skoot klap, is daar seker vyftig of meer wat skielik opspring en na alle kante toe begin rondhol. Ek kan glad nie sien waar's nommer derde van links af nie maar die oom van die plaas skreeu:

"Shottou Boetman, kom! Jy het hom."

En daar trek die hele lot van ons. My oupa vooraan, dan my pa en die oom van die plaas, ook die Bislie oom, my eie oom, en dan ek agterna wat die 243 saamsleep. So 'n twintig meter na links strompel 'n bok, val, staan op, val, vlieg op, hol 'n bietjie, val en gaan lê en skop. Hou op skop. Dis myne, skreeu ek in die lug op en sommer ook vir my nefie en vir die man met die perdekomberse hulle moet kom kyk dis my eerste skoot in die veld en my eerste bok. Ons drom saam om die bok.

Die oom van die plaas sê die skoot is laag deur die nek, perfek boetman, vanaand eet jy rou lewer. Dis toe wat my nefietjie vra:

"Wat nou van die ander een, hoekom skiet jy dan twee bokke?"

Hy staan so 'n ent weg en wys tussen die klippe op die plek waar my oupa sê die moot is. Hier's 'n bok hier, sê hy, alles in Portugese Afrikaans met Engels daarby. Almal vlieg weg en hardloop na die nuwe plek toe waar ons die ander ooi kry, morsdood, amper die hele kop weg.

Twee bokke met een skoot! Die oom van die plaas en my pa en my oupa en my oom en die Bislie oom en die ander twee mannetjies begin toe almal gelyk praat. Die een moes agter die ander een gestaan het en kan jy nou meer en dit nogal die kind se eerste skoot in die veld en nogal dit en nogal dat, tot skielik die oom van die plaas skreeu:

STOP! KYK DAAR!!

Seker so 80 meter verder is daar 'n ander bok wat val-val probeer wegkom. 'n Derde bok? Almal wat weer nader hardloop, maar die bok begin vinniger draf en val om.

Dis 'n bladskoot, 'n kwesskoot skreeu die grootmense.

Los hom vir my, sê die Bislie oom, en hy gryp die 243 by my. Hy gaan seker nou hierdie kwesbok uitsorteer.

DWAF! skiet hy.

Nog 'n DWAF.

Die bok hol verder. Gaan staan. DWAF!! Toe vlie die bok weg en hol dat die klippe spat, seker dertig meter ver. Staan weer. DWAF... Mis.

Hy hol en gaan staan, doodstil staan hy, voor hy omslaan.

DWAF klap die vyfde skoot as hy lê, maar die koeël fluit met 'n hoë noot tussen die klippe weg. Weer mis. Maar hy kon maar mis geskiet het want hierdie keer bly die bok vir goed lê.

Die hele aand by die vuur sê almal heelyd net dieselfde goed oor en oor. Die oom van die plaas kan nie verstaan nie, hy het nooit die ander bokke agter die een derde van links gesien nie. Die Bislie oom sê hy dink ek het seker maar die skoup gestamp dat hy vyf skote namekaar misskiet. My pa sê hy is nie 'n miljoenêr nie en ek is 'n duur man in die veld, my oom wys heelyd vir my sy duim so in die lug, tot die kwaai oom sê van so 'n eerste skoot het hy nog nooit gehoor nie en my oupa sê dis die voorgeslag wat in my bloed opstaan en dan vertel hy weer en weer en weer 'n keer die hele storie. Tot nou toe het hy nog nie opgehou nie. ▲